# IRASA

Onafhanklike Belastingbetalersvereniging van S.A.

# MANIFES

## IRASA DIE FEITELIKE WAARHEID

Die Onafhanklike Belastingbetalersvereniging van Suid-Afrika - (IRASA) is die gekonsolideerde en verenigde stem van belastingbetalers regdeur Suid-Afrika in die komende plaaslike verkiesings. IRASA erken die bydraes van gewone Suid-Afrikaners wie die afgelope 16 jaar hard gewerk het om 'n beter land wat beter lewenskwaliteit aan gemeenskappe bied, tot stand te bring.

Ongelukkig het gewone Suid-Afrikaners die fout begaan om die werk vir beter plaaslike regerings en beter munisipaliteite te skep aan politici oor te laat. Die politici het slegs hul eie politieke agendas en partye gedien, in plaas van om hul gemeenskappe te dien. Dit is 'n bekende feit dat politieke partykandidate moet hou by dit wat die party of koukus voorskryf deur die agendas van die party bo die belange van die gemeenskap en belastingbetalers wat vir hulle gestem het.

Die gevolg is die huidige ineenstorting van dienslewering in plaaslike regerings regoor Suid-Afrika. Hoë eiendomsbelasting, hemelhoë elektrisiteitskostes, lae kwaliteit drinkwater en swak dienslewering, het IRASA genoop om toe te tree om sodoende die toestand te verander, verbetering te versnel en saam te staan om verandering en beter funksionele plaaslike regerings teweeg te bring.

IRASA, deur sy onafhanklike raadslede, is verbind om te veg vir die regte van belastingbetalers en inwoners om plaaslike regering te depolitiseer. Dit is ons gemeenskaplike verantwoordelikheid as belastingbetalers om ons demokratiese reg en burgerlike plig uit te oefen deur die waghond te wees oor politici en politieke partye wat ons dorpe en stede in die grond in regeer. STEM IRASA!

## IRASA IS AKSIE - NIE POLITIEKE PRATERY NIE!

IRASA en belastingbetalers regoor Suid-Afrika kan nie langer in die agtergestoeltes sit terwyl alle munisipaliteite besig is om te verval nie. Ons eis waarde vir ons geld, regverdige belastingstelsels, bekostigbare elektrisiteit en skoon, drinkbare water. ONS EIS DIT NOU! IRASA en ander belastingbetalers sal nie langer betaal vir politieke begrotings in munisipaliteite wat lamgelê word deur korrupsie, vermorsde en vrugtelose uitgawes nie. IRASA is die beskermer van waarde vir geld in plaaslike regering. IRASA staan aan die voorpunt om korrupsie, enige en alle vermorsing van vrugtelose uitgawes met wortel en tak uit te roei. STEM IRASA!

## 'N STEM VIR IRASA IS 'N STEM VIR JOUSELF

Onthou IRASA is NIE-POLITIES. IRASA dien slegs die gemeenskap se belange. IRASA verteenwoordig belastingbetalers soos u in plaaslike rade. Ons kandidate is gelykmatige mense wat deel in die gemeenskap se bekommernisse en wie self die uitwerking van hoë munisipale tariewe aan hul eie sak voel nes u almal. IRASA dien slegs die gemeenskap en onderskryf slegs een agenda slegs dit wat in belang van die gemeenskap en die belastingbetalers is. IRASA se raadslede dien die mense wat hulle verkies het en onderskryf geen politieke party se agendas nie. 'n Stem vir IRASA sal verseker dat die belastingbetalers op plaaslike vlak deur medebelastingbetalers, soos u, verteenwoordig word.

U stem vir IRASA sal verseker dat daar behoorlike oorsig is oor munisipale spandering, -begrotings en politieke optrede! Hoekom u stem mors op 'n politikus van 'n politieke party? Plaas liewers u stem agter uself ondersteun die belastingbetalers se kandidaat! Dade spreek harder as woorde en IRASA se suksesse tot dusver is die bewys daarvan dat belastingbetalers 'n baie effektiewe rol kan speel! Selfs een persoon kan en sal 'n verskil maak. STEM IRASA!

Ons sal aktief veg vir regverdige munisipale tariewe, waarde vir geld, uitstekende dienslewering, bekostigbare elektrisiteit en kwaliteit drinkwater wat veilig is om te drink. Deur soos verantwoordelike burgers op te tree en die belastingbetalers eerste te stel, sal IRASA die waardigheid en kwaliteit van dienslewering in stede en dorpe in Suid-Afrika herstel. 'n Sterk onafhanklike belastingbetalersverteenwoordiging kan ons munisipaliteite versterk en sodoende verseker dat inwoners kry waarvoor hulle betaal, terwyl ons steeds streef om beter gemeenskappe te bou. STEM IRASA!

## IRASA SE MANDAAT

Die mandaat wat kiesers in 2011 aan IRASA gee, sal verantwoordelike plaaslike bestuur verseker. Dit sal verseker dat ons demokrasie deur verantwoordelike, onafhanklike belastingbetalers, dopgehou word. IRASA staan verantwoordelike dienslewering voor. Dit sal 'n goedbestuurde plaaslike regeringsomgewing skep wat plaaslike ekonomiese ontwikkeling kan stimuleer. IRASA sal verseker dat munisipaliteite 'n omgewing skep wat kragdadige ekonomiese aktiwiteite teweeg sal bring om ekonomiese ontwikkeling 'n realiteit te maak. Om meer beleggings te lok wat meer en beter werksgeleenthede in die gemeenskap sal skep. STEM IRASA!

## IRASA - DIE LAASTE WOORD

IRASA is die keuse van belastingbetalers wie 'n werkende plaaslike regering in Suid-Afrika wil hê. As jy tevrede is dat jou huidige raadslid die gemeenskap dien en veg vir die belange van belastingbetalers, ongeag die raadslid se politieke verbintenis dan moet jy hom/haar verder ondersteun. Indien jy egter voel dat hy/sy nie sy verkiesingbeloftes van die vorige verkiesing nagekom het nie, stem vir IRASA! IRASA dien die gemeenskap en belastingbetalers niemand anders nie. STEM IRASA!

IRASA het jou stem op al die stembriefies nodig vir die IRASA wykskandidaat, die tweede stembriefie vir die metroraadslede en derde stembriefie vir die distriksrade in jou gebied, waar van toepassing.

***'N STEM VIR IRASA IS 'N STEM VIR JOUSELF***

***STEM IRASA!***